Die stem van aardsheid

Die noord-oos-Vrystaat se klipkrale wat op plase voorkom, is bewys van lewe sedert die laat-ystertydperk van Suider-Afrika. Dié tydperk speel rondom 1660 tot in die 1800's af. Dié oorblyfsels van veekrale dui volgens argeoloë daarop dat hier baie mense met heelwat vee vir 'n lang tyd gewoon het. Argeoloog Kobus Dreyer van die Universiteit Vrystaat ry spesiaal om ons meer van hul vondse uit hierdie krale en ashope te vertel.

Met dié dat hier bedrywigheid van mens en dier so lank terug al was, moes daar natuurlik 'n invloed op die omgewing wees. Die verpoeierde grond is waarskynlik vanweë die baie beeste en ander vee wat hier rondgeloop het. Plantkundige Johan du Preez – ook van Kovsies – gesels hieroor.

Ook êrens buite die sogenaamde 'dorp' loop Paul vir sanger Chris Chameleon raak. Hy het hier grond gekoop en bou tans huis.. Dié verkleurmannetjie word tans geag een van die belangrikste en gewildste kunstenaars van ons tyd. Hy het pas 'n derde Afrikaanse CD uit, *Ek vir Jou* uitgebring en daar kom ook glo 'n nuwe Engelse album in September uit. Chris het onlangs 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang vir sy bydrae tot Ligte Afrikaanse Musiek. Dié een, sê hy, lê hom naby die hart, nes die stilte wat die Vrystaat bring.

Nog 'n bekende wat hier grond gekoop het, is Sean Else. Sean se loopbaan het vlamgevat toe hy deel van die manne-groep, Eden was. Hy het hulle intussen gegroet en bedryf tans 'n platemaatskappy saam met mede-kunstenaar Johan Vorster. Die maatskappy se naam is Mozi Records en hulle werk meestal met Afrikaanse kunstenaars. Sean is ook een van die mede-skeppers van die interaktiewe webtuiste, JouTaal en sê hy en 'n paar ander kunstenaars skryf tans aan 'n musiekblyspel genaamd, De La Rey.

Verkykerskop se algemene handelaar was 'n paar jaar terug maar verwaarloos. Toe Matt Hoffman en sy verloofde Beth Hilary besluit het hulle is spreekwoordelik moeg vir die lewe in die stad, het hulle verlief geraak op Verkykerskop. Nadat hulle die winkel oorgeneem het, het hulle dit opgeknap en vandag voel dit vir jou asof jy terug loop in jou kinderdae met artifakte uit vroeërdae wat 'n retro-gesellige-atmosfeer skep. Hulle het ook 'n restaurant, Smiley's en die Umgidi Backpackers begin.

Deesdae is daar twee gastehuise, Afsluit gastehuis wat in die oorspronklike ou sandsteenplaashuis is en 9 mense kan akkommodeer. Die Outpost Inn is net oor die pad en kan ses mense slaap.

Dis ook die tuiste van Pierre Terblanche se Masjien Wood

WEEKLIKSE BLOGS

Maak seker jy lees ons aanbieders se weeklike blogs wat onder **Aanbiedersforum** verskyn asook Pasella tuinvrou, Anna Cilliers se tuinblog wat onder **Tuinforum** verskyn!

Uitmergelende tienkamp

Errol se rugby-alles

PE se trots

Dozi en Nianell saam

Naam:

Van:

Epos:

teken in



Workshop. Hulle werk met ou hout en metaal en baie van hul kunswerke word Europa toe uitgevoer. Die span het ‘n ruk terug vir Michael Schumacher se huis in Monaco ‘n stukkie of wat opgetoor.

In die herfs word hier elke jaar lekker makietie gehou en mense soos Frank Opperman, Valiant Swart, Albert Frost en nog ‘n vele ander sorg dan dat die Verkykerskoppers nie skrik vir die koue winters wat voorlê nie.

As jy lus het vir kuier in die Vrystaat, bel die winkel. Matt en Beth bedryf ‘n toerismekantoor daar, doen al die besprekings en kan jou sê presies waar jy wat sal kry.

PASELLA Sê DANKIE AAN:

Verkykerskop Algemene Handelaar
Matt Hoffman
Nellie Khanye Dlamini
Tel: 058 625 0071
Sel: 073 282 4840
E-pos: admin@verkykerskopadventurezone.co.za

Afsluit Gastehuis
Matt Hoffman
Tel: 058 625 0071
Sel: 073 282 4840
E-pos: admin@verkykerskopadventurezone.co.za

Masjien Houtwerkwinkel
Pierre Terblance
Douglas Moloi
Sel: 083 302 3315

Witkoppen Fish & Game Reserve
Anton Grimbeek
Tel : 058 625 0082
Sel: 082 823 8108

Argeoloog
Kobus Dreyer

Plantekoloog
Johan du Preez

Sean Else
Estelle
Tel: 012 654 4844

Chris Chameleon
Liny Kruger
E-pos: liny@mweb.co.za
Webtuiste: www.rhythmrecords.co.za

Motor
Eelco van den Bosch.
E-pos: rheola@gmail.com

Kliek hier vir ons Stersoek-kompetisie

Kliek hier om ons kookboek te bestel